

Job 38:32 Kan jy die Diereriem uitbring op sy tyd?

- Bybelaanhalings uit : 1953 vertaling.
- Sterkaarte en Sterrebeelde opgestel en gereproduseer vanuit :
*Starry Night®(Pro) (Version Number 6.3.6 pcEW) /
Imaginova® Corp.*

*Opgestel deur Francois de Jager
(francois.dejager@telkomsa.net)*

AGE OF AQUARIUS

- Die “New-Agers” praat nou al van die “Age of Aquarius” .
- Hierdie voorlegging lewer die bewys dat die “Age of Aquarius” eers oor 600 jaar kan aanbreek en wys op ‘n paar ander ongelooflike ontdekkings in die Woord.

STERRE VOORSPEL

- Deu 4:19 dat jy ook jou oë nie na die hemel opslaan, en as jy die son sien en die maan en die sterre, die hele leër van die hemel, jou laat verlei en voor hulle neerbuig en hulle dien nie--dinge wat die HERE (JaHWeH) jou God aan al die volke onder die hele hemel uitgedeel het.
- Deu 4:24 Want die HERE (JaHWeH) jou God is 'n verterende vuur, 'n jaloerse God.
- Ons mag dus geensins enige hemelruim aanbidding of voorspellings op grond van posisies van die hemelliggame waag nie. Die ander nasies hou hulle daarmee besig.
- Baie van ons gee ag daarop en verslind daardie “Sterre Voorspel” rubrieke in die tydskrifte, wat Vader se grimmigheid teenoor ons ontketen. Vandag sien ons die resultate van o.a. bg. oortreding.

Onse Vader se meedeling aan Job


- Job 38:31 Kan jy die bande van die Sewe-ster knoop? Of die toue van die Oríon losmaak?
- Job 38:32 Kan jy die Diereriem uitbring op sy tyd? En die Beer met sy kleintjies lei?
- Job 38:33 Ken jy die wette van die hemel? Of kan jy sy heerskappy oor die aarde bestel?

Vader bring die diereriem uit op Sy tyd

- Die volgende skyfies verduidelik 'n verstommende uitrol van die gebeure die afgelope 6000 jaar!
- Die naam van die tydvak waarin ons verkeer, word bepaal deur die posisie in die hemelruim waar die son van suid na noord oor die ewenaar gaan, nl. die “Vernal Equinox” of die “Eerste punt van Aries” elke jaar 20 Maart. Die eerste Bybelse dag van die jaar begin dan die 21e Maart en word in Hebreeus 1e Abib of in Chaldees 1e Nisan genoem.
- Die aarde se draai-as presesseer soos 'n tol wat stadiger begin draai. So 'n siklus neem ongeveer 26000 jaar om te voltooi.

Vader bring die diereriem uit op Sy tyd

"precession." [Encyclopædia Britannica](#). 2010. Encyclopædia Britannica 2006 Ultimate Reference Suite DVD 18 Mar. 2010 .




Vader bring die diereriem uit op Sy tyd

- Hierdie presessie kan ons nou sien in die volgende sterkaartafbeeldings, deur die snypunt van die ekliptika en die ekwatoriale ewenaar, nl, die “Eerste punt van Aries” dop te hou.
- Hierdie snypunt is die punt waar die son van regs na links die ewenaar van suid na noord kruis op 20 Maart elke jaar.
- Die tydvak naam waarin hierdie snypunt voorkom, is die naam van die konstellasie waarin die snypunt op daardie stadium is. Agv presessie skuif hierdie snypunt stadig maar seker.


3970 vC Adam geskape

Tydvak: Taurus die bul




Adam oorlede 3040 vC

Tydvak: Taurus die bul




Noag gebore 2914 vC

Tydvak: Taurus die bul




Sem gebore 2442 vC

Tydvak: Taurus die bul




Sondvloed 2314 vC

Tydvak: Taurus die bul



Abram gebore 2022 vC

Tydvak: Taurus die bul




En nou vir die eerste groot verrassing!

- Die tydperk toe Jakob (Israel) gebore is, kruis die “Eerste punt van Aries” **toe net** die grens vanaf Taurus na die Ram (wat ‘n skaap is)!
- Sy volk Israel word genoem: Eze 34:30 Maar hulle sal weet dat Ek, HERE (JaHWeH) hulle God, met hulle is, en dat hulle, die huis van Israel, My volk is, spreek die Here (Heerser) HERE (JaHWeH).
- Eze 34:31 En julle is My **skape**, die **skape** van My weide; julle is mense, Ek is julle God, spreek die Here (Heerser) HERE (JaHWeH).
- Dus toe Jakob (Israel) gebore is, het daardie volk, Israel, wat **skape** genoem is, ontstaan.


Jakob (Israel) gebore 1862 vC

Tydvak: Aries die ram




Koning Dawid 1085 vC

Tydvak: Aries die ram




80% van Israel na Assirië 820 vC
Tydvak: Aries die ram



20% van Israel na Babilonië 612vC

Tydvak: Aries die ram



Geboorte van Jesus

Tydvak: Pisces die visse

- Toe Jesus gebore is, het die tydperk begin waar ons weer die verstrooide skape soos vissers van mense moes wen vir Sy koninkryk, volgens:
- Jer 16:15 maar: So waar as die HERE (JaHWeH) leef, wat die kinders van Israel laat optrek het uit die Noordland en uit al die lande waarheen Hy hulle verdryf het. Ja, Ek sal hulle terugbring in hulle land wat Ek aan hulle vaders gegee het.
- Jer 16:16 Kyk, Ek stuur baie **vissers**, spreek die HERE (JaHWeH), wat hulle sal vang, en daarna sal Ek baie jagters stuur wat hulle sal opjaag, van elke berg en van elke heuwel en uit die klipskeure.
- Mat 4:19 En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal julle **vissers** van mense maak.


Geboorte van Jesus

Tydvak: Pisces die visse

- En so het Vader dit beskik dat toe die Evangelie aan die skape verkondig moes word, dat die “**vis**” tydvak binnegegaan is, soos wat die volgende skyfie wys! Die **visse** moes gevang word om die reddende genade van Jesus te vertoon.


Jesus gebore 4 vC

Tydvak: Pisces die visse



Vandag 2010 nC

Tydvak: Pisces die visse



“Age of Aquarius +/-2600 nC

Tydvak: Pisces die visse


- Die tydvak van Aquarius begin eers ongeveer oor 600 jaar, soos die volgende skyfie wys, en nie nou al soos die “New Agers” sê nie!

“Age of Aquarius” 2600 nC !!

Tydvak: Aquarius die waterdraer



Suiwer rivier van die water van die lewe +-3031 nC
(Net 'n raaskoot vir die einde van die 1000 jarige
vrederyk!!)



**Ps 19:2 Die hemele vertel die eer
van God, en die uitspannel
verkondig die werk van Sy
hande.**

**Psa 150:6 Laat alles wat asem
het, die HERE (JaHH) loof!
HalleluJaHH!**